

**JAV 2020:      VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE**

**Geagte Volksgenote**

Die afgelope jaar is gekenmerk deur gebeure wat wêreldwyd en dus ook in die land waar ons woon 'n wesenlike uitwerking gehad het. Die Pandemie het in die besonder die Kleifontein gemeenskap onder druk geplaas en die goeie beplanning en verstandige optrede deur die Covid-19 Taakspan, het meegebring dat ons die uitdagings wat voor ons deur gelê is, kon aanpak en oorwin.

EK neem die vrymoedigheid om aan te haal uit die eerste gedeelte van die Verslag van Werksaamhede tydens die Jaarvergadering van 2018:

“Die Direksie kan in nederige erkentlikheid en oorvloedige dank aan God Drie-enig, verklaar dat daar die afgelope jaar vordering gemaak is met onder andere oorhoofse beplanning, bestuur en beheer met die doel om die beskikbare middele, vermoë en wil van belanghebbendes by Kleifontein te mobiliseer en om meganismes en prosesse te bevorder wat (a) stelselmatig sal lei tot die maatskaplike en ekonomiese opheffing van die gemeenskap; (b) toegang verleen tot noodsaaklike bekostigbare dienste en (c) groter deelname en betrokkenheid van die inwoners vergemaklik met die oog daarop om die doeltreffendheid van ons eie selfstandige regeerliggame te verbeter.

Om die oorsigfunksie van die direksie te benadruk, is 'n Gedragskode vir Direkteure aanvaar en die inleidende paragraaf word aangehaal:

*“Kleifontein Aandeleblok Eiendoms Beperk se sake word deur die Direksie, wat deur die lede op 'n algemene vergadering verkies word ingevolge die bepalinge van die Maatskappywet en Akte van Oprigting, bestuur en beheer.*

*Sorg moet gedra word dat die Direksie as die gesag na die Algemene Ledevergadering, die hoogste standaard handhaaf en vir dié doel sal elke direksielid die toepaslike beginsels aanvaar en onderhou. Hierdie gedrag word bepaal deur moreel-etiese beginsels, juridiese wetsbeginsels en administratief-organisasoriese beginsels.”*

Melding word weereens gemaak van die groot getal vrywillige persone wat saam met Kleifontein se lojale en hardwerkende personeelkorps, 'n wesenlike bydrae tot die ontwikkeling van hierdie eiesoortige kultuurgemeenskap lewer. Mag die HERE die werke van ons hande seën.

Kragtens die Wet op die Beheer van Aandeleblokke, en die Akte van Oprigting word gevolglik soos volg oor die afgelope jaar se werksaamhede van Kleifontein verslag gedoen en word dit, tesame met die Missie en die uiteensetting van die toekomstige besigheid van die Maatskappy soos in die Akte van Oprigting vervat, vir goedkeuring voorgelê.”

**1. RAAD VAN DIREKTEURE:**

Die volgende persone dien tans op die Raad: JJ Groenewald (Voorsitter), L Jooste (Ondervoorsitter), TL Berrington, AJ Bezuidenhout, DFB de Beer, J du Plessis, CA Els, B Freyer, PE McMEnamin, APS van der Merwe, J Venter, G von Stade.

Tydens die verslagjaar, het twee direkteure bedank en is drie nuwe direkteure aangestel wat herkiesbaar is.

Naas die saamstel van 'n Dagbestuur, het die direksie die volgende direksie-komitees daargestel: Die Uitvoerende Komitee, Die Finansiële Komitee, Die Formaliseringskomitee, Die Regskomitee en KENSO.

Die Direksie het stappe geneem om 'n drie-jaar GOP in werking te stel. Die volgende item wat goedgekeur is word, soos gewysig, aan u voorgehou:

## **2. GEINTEGREEDE ONTWIKKEINGSPLAN(GOP) : Soos deur die Direksie goedgekeur** **"Fokus area 1: Die Bevordering van Kleinfontein as 'n Kultuurgemeenskap**

### **Inleiding**

*"Sedert die stigting van Kleinfontein 28 jaar gelede, het heelwat op verskeie fronte gebeur.*

*Die Afrikaner-nasie was 'n tyd lank haweloos gelaat, het weerstand gebied, is in groot getalle opgevang geraak in die reënboognasie-idee, maar ervaar 'n geruime tyd die negatiewe uitwerking van daardie beleid, onder andere in die ondermyning van sy taalregte en kultuur.*

*Nieteenstaande die druk op die Afrikaner, is daar tog 'n groeiende besef van die noodigheid om in 'n gees van samewerking, Afrikaner-oogmerke te bevorder.*

*Die finale Grondwet, Wet 108 van 1996 (soos gewysig), is aangeneem en vorm die regsruigraat van ons samelewing. Alhoewel dit nie die beste steun verleen aan die beskerming van minderhede nie, bied dit tog 'n vlak van beskerming teen magismisbruik, wat geredelik ondersteun word deur die gemiddelde Afrikaner.*

*Hierdie veranderinge word ook ervaar hier op Kleinfontein. Die bevordering van Kleinfontein as 'n eiesoortige gebiedsgebonde kultuurgemeenskap vir alle Afrikaners, het die plek ingeneem van die aanvanklike politieke en staatkundige oogmerke, wat nou deur ander strukture op ander vlakke bevorder word.*

*Hierdie oogmerk word in ons missie-stelling weerspieël.*

*Verder het Kleinfontein alreeds ver gevorder om, in samewerking met die owerhede, die grondslag van die maatskappy in lyn te bring met die bestaande wetlike bedeling en die formalisering van die bestaan van Kleinfontein.*

*Kleinfontein dra alreeds geruime tyd die fakkel vir die Afrikaner-kultuur. Die vordering wat gedurende die afgelope 28 jaar gemaak is, kan waargeneem word deur 'n blik op Kleinfontein te werp.*

*Ons maak voorsiening vir ons gemeenskap, van hulle eerste asem tot 'n laaste rusplek. So het ons 'n eie skool, bied werkgeleenthede, geleenthede vir kulturele en godsdienstige meelewing, ons bied n veilige, volhoubare omgewing vir ons inwoners en sorg vir ons ou mense, en bied inderdaad 'n laaste rusplek.*

*Desnieteenstaande ervaar Kleinfontein 'n lae groeikoers op ons belegging en van ons gemeenskap hier. 'n Groei wat nie vergelykbaar is met die geweldige groei in ander Afrikaner-kultuurorganisasies nie. Daar is waarskynlik sekere historiese oorsake vir die verskynsel, maar die tyd het nou aangebreek om uit hierdie kettings te breek en deel te wees van die groeiende Afrikaner-sentiment.*

*Op die internasionale verhoog, is daar 'n groeiende gewaarwording van nasionalisme. Dit word weer aanvaarbaar om in die eerste plek 'n Amerikaner, 'n Duitser of 'n Brit te wees. Brexit is besig om 'n ander konteks te verleen aan globalisering, en die behoud van 'n eie identiteit is weer deel van die daaglikse retoriek.*

*Dieselfde tendense is plaaslik ook duidelik sigbaar. Die idee van die reënboognasie word openlik gekritiseer, politieke korrektheid word bevraagteken en Afrikaners identifiseer in groot getalle met organisasies wat Afrikaner-ideale bevorder. Hierdie tendens is ook duidelik waarneembaar in ons plaaslike politieke landskap.*

*Na oorweging van hierdie aangeleentheid het die Direksie besluit om die volgende fokus-area tot die areas alreeds goedgekeur, tot die GOP-proses by te voeg.*

***“Die bevordering van Kleinfontein as 'n eiesoortige gebiedsgebonde kultuur- gemeenskap ooreenkomstig die Grondwet in samewerking met die owerhede, geskikte vennote en bondgenote.”***

*Identifisering van strategië vir inwerkingstelling:*

*2.1.Daar is alreeds baie gedoen die afgelope 28 jaar. 'n Omvattende lys van alle projekte en strategieë moet opgestel word vir assessering van daardie projekte.*

*2.2.Waar daardie projekte steeds aktief is, moet daar opnuut gekyk word na die dringende inwerkingstelling daarvan as deel van die GOP.*

*2.3.Geskikte strukture en drywers moet gevind word, waar nodig.*

*2.4.Vir doeleindes van die vind van vennote en bondgenote moet daar gekyk word na die belyning van ons strategieë met dié van ander rolspelers, spesifiek Solidariteit en Afriforum.*

*2.5.In hierdie geval moet 'n evaluering plaasvind van die werk wat ons reeds gedoen het, en hoe dit saamval met die “Stad vir 2030- Ankerdorpe en Stede”-projek, van Solidariteit.*

*2.6.Die nodige stappe moet geneem word om die verhouding met bogenoemde instellings te versterk*

*2.7.Nuwe projekte moet uitgeken word aan die hand van bovermelde, as deel van hierdie GOP. Die UK kan dalk die geskikte struktuur hiervoor wees in samewerking met die Komitee vir Ekonomiese Navorsing en Ontwikkeling (KENSO).*

*2.8.Daar moet aktief gesoek word na vennote en bondgenote, gesprekke moet plaasvind en waar nodig, strukture geskep word.*

*2.9.Die nodige interne struktuur moet geskep word om hierdie proses te dryf en te bestuur.”*

### **3.HERSTRUKTURERING**

Om uitvoering aan die GOP te gee, in die besonder punt 2.9., en in die lig van die onvoldoende bestuurskapasiteit in die Maatskappy, is opdrag gegee dat 'n evaluering gedoen word van die verskillende departemente/bedryfseenhede en Komitees. Die doel met die herstrukturering was om (a) die poel van kundigheid in Kleinfontein doeltreffend aan te wend ter versterking van die bestaande bestuurskapasiteit: (b) Die integrering van die Maatskappy se werksaamhede tussen die bestaande strukture te bewerkstellig:(c) groter deelname en betrokkenheid van lede te bevorder: (d) beter kommunikasie met die Gemeenskap teweeg te bring met betrekking tot voorstelle, navrae en selfs klagtes, en(e) te verseker dat die direksie in besonder oor genoeg inligting beskik om besluite in ooreenstemming met die voorskrifte van die Maarskappyewet, te neem.

Die volgende is as vertrekpunte aanvaar: (a) Dat 'n volledige, gekwalifiseerde bestuurskomponent, wat teen markverwante salarisse gewerf word, tans vir die Maatskappy onbekostigbaar is: (b) Dat Kleinfontein gemeenskap wel oor die toepaslike kundigheid beskik om die leemtes te vul:(c) Dat hierdie persone die dienste gratis sal verrig: (d) dat die stelsel, indien die risiko's wat aan die stelsel gekoppel is reg bestuur word, volhoubaar sal wees aangesien Kleinfontein nie net oor kundige mense beskik nie, maar mense wat roepings- plig- en taakgedrewe is. (Die Direksie, Direksie-komitees en portefeuljekomitees voer in elk geval tans sonder vergoeding, hulle pligte uit.)

Mnr Ben Kieser, Bestuurskonsultant is getaak om in sakewerking met en na raadpleging van alle belanghebbendes, hierdie opdrag uit te voer. Die herstrukturering van Komitees is grootliks afgehandel en die volgende Dienstekomitees is daargestel: Die Tegnieese Bestuursdienstekomitee: Die Fasiliteite Dienstekomitee: Die Veiligheids Bestuursdienste Komitee: Die Bemarkings-Dienstekomitee; Die Werkers-Dienstekomitee: Die Sorgsenrum/Bejaardesorg Dienstekomitee: Die Maatskaplike Sake Dienstekomitee: Die Keurings/Verblyfreg Dienstekomitee: Die Hoewe Dienstekomitee: Die Bewarea Dienstekomitee: Die Kultuurdienste Komitee. Vrywilliges is versoek om aansoek te doen vir die bestuursposte, CV'S is aangevra, onderhoude is gevoer en die suksesvolle aansoekers is deur die Direksie aangestel. Toepaslike opleiding is aan Direkteure, Voorsitters/Bestuurders van Komitees en ondersteunende personeelle gegee.

Die Direksie het beplan om vroeg in hierdie jaar 'n Buitegewone Ledevergadering saam te roep om verslag van al die werksaamhede te doen en, waar nodig, goedkeuring te verkry. Die ontwrigtende uitwerking van die inperkings het egter hierdie beplanning ietwat vertraag en verhoed dat die veranderinge op 'n verstaanbare wyse bekendgemaak word.

Voorts is besluit dat die Gemeenskapsraad in die nuwe jaar minstens twee-maandeliks sal vergader. Direksie-komitee voorsitters, Voorsitters/Bestuurders van Komitees en verteenwoordigers uit die gemeenskap (Wyksverteenvoerders) sal tydens hierdie vergadering verslag oor hulle werksaamhede doen. Inwoners sal uitgenooi word om die geleentheid by te woon, vrae te stel en selfs voorstelle te doen. Daar word voorsien dat die Gemeenskapsraad 'n wesenlike bydrae kan lewer om groter betrokkenheid en deelname van inwoners te bevorder en ook kan dien as 'n doeltreffende kommunikasie skakel.

Intussen het mnr Ben Kieser, wat onverpoosd vir meer as 'n jaar sonder vergoeding, vanweë veral ander verpligtinge, sy voltydse betrokkenheid by die herstrukturering, beëindig. Kritiek en alternatiewe voorstelle is ook uit verskillende oorde oor die volhoubaarheid van die

stelsel ontvang en die Direksie het 'n Taakspan saamgestel om na die deurlopende herstrukturering van die Maatskappy te kyk.

As gevolg van die inperkings het die Direksie besluit dat daar nie volledig oor al die Dienstekomitees verslag gedoen sal word nie maar op die volgende Komitees klem te plaas: Die Formaliseringskomitee, die Tegnieuse Dienste Komitee en die Veiligheidskomitee. Komitee-voorsitters is wel versoek om hulle verslae voor te berei wat elektronies aan lede gestuur sal word. Vrae van 'n finansiële, administratiewe aard sal na die behandeling van die Finansiële Jaarstate toegelaat word.

Lede is egter welkom om vrae aan lede van die ander Komitees te stel.

Die nuwe Direksie sal na verwagting aan al die onafgehandelde sake dringende aandag gee en die beoogde werkwinkels betreffende (1) Formalisering(2) Toegangsbeheer (3) Keuring en Verblyfsreg (4) Hersiening van die kragtnetwerk binnekort afhandel en daarna 'n buitengewone Ledevergadering hou om lede in te lig waarna toepaslike besluite vir uitvoering geneem kan word.

Na die afhandeling van bogenoemde verslae versoek ek dat die volgende besluit goedgekeur word

#### **4.FORMALISERING**

##### **Vorderingsverslag: Formalisering van Kleifontein:**

##### **Verslag**

##### **4.1.Agtergrond**

Tydens 'n Buitengewone Algemene Vergadering op 26 Maart 2011, het die lede besluit om kragtens die Wet op Ontwikkelings-fasilitering(WOF) aansoek om Kleifontein te formaliseer, te doen. Laasgenoemde wet is egter in 2012 ten dele ongrondwetlik verklaar en die vervangende wet, Die Wet op Ruimtelike Beplanning, Grondgebruik- en Bestuur (SPLUMA) is op 5 Augustus 2013 afgekondig.

Goedkeuring is deur die Tshwane Stadsraad gegee dat Kleifontein kragtens die oorgangsbepalings van die Wet 'n formaliseringsaansoek kan indien.

##### **4.2.Beleidstandpunt van Kleifontein**

Die Direksie het deurlopend namens lede die standpunt gehuldig dat, in ooreenstemming met ons Missie en onder andere ingevolge Artikel 235 van die RSA-grondwet, KA hom verbind om aan alle tersaaklike nasionale wette en plaaslike verordeninge te voldoen mits dit nie ons grondwetlike regte aantas (reg om self te beskik) nie en ook vir die lede bekostigbaar is. Ons glo dat ons aanspraak op 'n selfbeskikkende Afrikaner gemeenskap dus grondwetlik begrond is en ons sal dit tydens die formaliseringsproses bevestig. Die doel van formalisering is om hersoneringstoestemming te verkry vir die ontwikkeling waarvoor daar op 10 Oktober 2017 omgewingstoestemming verkry is.

##### **4.3.Vorderingsverslag**

Die formalisering van Kleifontein word in twee prosesse bedryf. Die een proses is om deur middel van 'n goedgekeurde omgewingsimpakstudie die nodige water- en riolering- lisensies

te verkry van die Departement van Waterwese en die tweede proses is om hersoneringtoestemming te verkry van die plaaslike Munisipaliteit.

Die konsultante betrokke is BOKAMOSO (Omgewingskonsultante) en PlanPraktyk (The Practice Group) onderskeidelik. Laasgenoemde tree op as Stadsbeplanningkonsultante en die projekbestuurder vir die verkryging en koördinerings van alle kundige insette gedurende die hersoneringsproses.

#### **4.4.Vordering van die Aansoek**

Die hersoneringaansoek is reeds gesirkuleer aan die onderskeie Departemente van die Munisipaliteit en van hulle het al begin kommentaar lewer op die aansoek. Die onderskeie kundiges onder leiding van PlanPraktyk was in gereelde gesprekke met die Departemente tydens die proses.

#### **4.5.Die Moontlikheid van Afskaling van die aansoek.**

Die moontlikheid van afskaling word tans deur die konsultante in opdrag van die Direksie ondersoek om ons beskikbare hulpbronne te balanseer met die vereistes voortspruitende uit die aansoek en hulle sal eersdaags hieroor verslag doen. Die uitstaande finansiële vrae sal ook dan beter beantwoord kan word.

#### **4.6.Die Moontlikheid van Politieke Bystand tydens die proses.**

Vergaderings is met drie opeenvolgende Burgemeesters van Tshwane gehou waartydens besluit is om 'n tegniese komitee daar te stel om die aansoek te ondersteun en die weg te baan vir die eiesoortige erkenning van die Kleinfontein Nedersetting. Mnr Sakkie du Plooy (lid van die Burgemeesterskomitee en VF+ verteenwoordiger) sou onder die gesag van die Burgemeester, Mnr Mogalape, die sameroeper wees. Die Tshwane Raad is egter onder administrasie geplaas en 'n nuwe burgemeester is onlangs verkies. Die steun van die VF+ kan verwag word om die proses te hervat. Die Direksie het ook geoordeel dat die Burgemeester goed ingelig moet word om hom teen 'n moontlike ongegronde aanslae van radikale groepe te verweer.

Intussen is gesprekke met mnr Willie Spies en mnr Flip Buys gevoer. Die doel was om moontlike samewerking met Solidariteit te verkry om 'n regsondersoek te doen na die beskerming en uitbouing van die strategieë wat ons tans gebruik om ons Afrikanerkultuurideale uit te leef. Die moontlikheid om 'n spesiale gebruiksones in die soneringskema vir kultuurgemeenskappe te skep en eie dienslewering moontlik te maak, is ook bespreek. Die benadering is gesteun as moontlike baanbrekerswerk - ook vir soortgelyke kultuurgemeenskappe. Hierdie saak is met Orania se Formaliseringstaakspan tydens 'n aparte vergadering bespreek.

Die aansoek om die nodige waterlisensies kan ongeveer 300 dae neem. Moontlike struikelblokke, wat die Munisipaliteite in ons weg kan rol sal oorkom moet word. Die tyd kan dan gebruik word om die proses aan die gang te sit om te beding vir 'n pasgemaakte soneringgebruikskategorie. Indien die strategie aanvaar word, sal die huidige prosesse in die Munisipaliteit, vir eers uitgestel word en met 'n politieke proses vervang word totdat KA sy oogmerke bereik het en gereed is om verder met die onderhandelinge vir vrystelling om te koppel aan die grootmaatsisteme, voort te gaan.

#### **4.7.Interim Omgewingsbestuursplan.**

BOKAMOSO is goedkeuring verleen deur die Algemene Bestuurder (op aanbeveling van die Formaliseringskomitee kragtens haar gedelegeerde bevoegdheid) om voort te gaan met die opstel en implementering van die plan. Die navorsing sal ook 'n nuwe Geo-hidrologiese studie insluit. Die plan is nodig vir die aansoek om 'n uitgebreide waterlisensie en sal baie bydra om die impak op ons watertafel beter te verstaan en te bestuur en sal ook bydra om

die impak van omliggende grondeienaars (waar hulle water uit dieselfde bron as KA myn) te begin bestuur. Die studies sal KA in staat stel om op 'n wetenskaplike wyse ons waterbehoefte te ondersoek en help om nuwe waterbronne te vind en sodoende 'n langtermyn watervoorsieningsbestuursplan op te stel en te bestuur. Tydens die ondersoek word daar van 'n tweede hidroloog gebruik gemaak ten einde 'n tweede mening te bekom.

**4.8. Waterbalansstudie: GCS Konsultante.** Die konsepverslag is reeds deur die Maatskappy ontvang. Die Uitvoerende Komitee en lede van die Formaliseringskomitee is versoek om voor te berei vir 'n vergadering met die konsultante om die verslag te bespreek. 'n Lys van 9 vrae is aan die konsultante gestuur oor onduidelikhede in die verslag, wat die grondslag sal vorm van 'n werkswinkel waar die konsultante die voorlegging sal maak. Die werkswinkel is tans uitstaande.

#### **4.9. Infrastruktuur**

Die voortgesette ontwikkeling van Kleinfontein vereis dat die infrastruktuur voortdurend verbeter moet word. Ontwikkeling en verbetering aan die waternetwerk, die rioolnetwerk, die padnetwerk en die kragvoorsieningsnetwerk vind gevolglik op 'n deurlopende basis plaas. Dit is nodig om op 'n noukeurige basis vas te stel watter verdere uitbreiding vir nuwe aandeelhouers moontlik gemaak kan word, sodat 'n billike toewysing van kostes in hierdie verband gemaak kan word tussen, aan die een kant, bestaande aandeelhouers, en aan die ander kant die ontwikkelaars van nuwe eiendomme en nuwe aandeelhouers. Dit is ook belangrik om te onderskei tussen die huidige ontwikkeling en goedgekeurde uitbreiding.

#### **4.10. Waterbalans**

Die impak van die GCS-verslag moet so gou doenlik ontleed word aan die hand van die huidige en voorgestelde uitbreidings van Kleinfontein. Soverre dit die watervoorsiening op Kleinfontein raak, moet die waterlisensie so gou moontlik afgehandel word en moet daar duidelikheid verkry word oor die moontlike afskaling van die hersoneringsaansoek ten einde so ver moontlik, binne die munisipale riglyne te bly.

#### **4.11. Riolering**

Die bestaande massa sigslote is tans versadig en moet so gou doenlik uitgebrei word.

#### **4.12. Elektrisiteit**

Die huidige elektriese netwerk plaas onnodige druk op kragvoorsiening.

KA se elektriese ingenieurskonsultant is gevra om 'n volledige verslag in hierdie verband voor te lê sodat die beskikbare krag meer doeltreffend aangewend kan word.

'n Direksie-Taakspan ondersoek ook die benutting van aanvullende kragbronne.

Die Direksie het besluit om 'n spesiale werkswinkel te hou om die formaliseringsproses en die pad vorentoe te bespreek sodra inligting wat deur die konsultante aangevra en voorsien is, verwerk is.

#### **4.13. Finansiering**

Met die oog op die voldoening aan Kleinfontein se visie-en-missie doelstellings, ondersoek die Direksie tans die kwessie van die finansiering van die huidige ontwikkelingsbehoefte en voorsien dat hierdie saak aan 'n buitengewone ledevergadering vir bespreking en besluitneming voorgelê sal word.

#### **4.14. Samevatting**

Die Direksie is van oordeel dat die Formaliseringsproses, ten spyte van beperkte hulpbronne, goed op dreef is en dat agv verstandige optrede, die risiko van owerheidsinmenging beperk is en dat, indien ons saamwerk, ons die eiesoortige selfstandige voorbestaan van ons Gemeenskap kan bewerkstellig.

#### **14.15. Verslag - Administrasie en Fasiliteite 2020 – Marietjie Nell – Algemene Bestuurder**

##### **Administratief:**

Die afgelope jaar was in alle opsigte anders as alle ander jare, as gevolg van die ontwrigting van die pandemie, maar deur die genade van ons Hemelse Vader het KA se administratiewe korps staande gebly. Behalwe vir Awie Erasmus (Rekenmeester) wat ons span verlaat het om sy loopbaan verder te bevorder deur se eie konsultasie maatskappy te stig, *Kliek Konsultante*, is die volgende nuwe aanstellings gemaak, Silvia Swanepoel by ontvangs aangesien Sharon nou die Komitee Sekretariaat pos vul en Eva Barkley die Rekenmeesters pos vul.

Langs hierdie weg wil ek graag al die komitees wat die administrasie die afgelope jaar ondersteun het bedank, dit was nie 'n maklike taak nie aangesien almal nog hulle voete vind en by die nuwe reëls moet aanpas.

Verandering is nie altyd maklik nie maar onder omstandighede het dit goed verloop en ek is seker dat ons net van krag tot krag sal gaan om Kleinfontein vir almal 'n veiliger, vriendelike woonplek te maak waar ons as volksgenote in vrede sal saamleef.

##### **Fasiliteite:**

As gevolg van omstandighede is Fasiliteite vir 'n geruime tyd sonder 'n voorsitter, hierdie is 'n leemte maar met ander komitees wat vrywillig hande gevat het, gaan dit besonder goed en bly die swembad blou en die gras gesny en gaan die werksaamhede voort. Dankie aan elkeen wat hierby betrokke is.

##### **Kommunikasie:**

Elektroniese kommunikasiestelsel is reeds geïnstalleer. Opleiding en aanstelling van persoon sal binnekort geskied. Verdere inligting sal per sms, blitsnuus of w/app aan die inwoners gestuur word.

#### **14.16. Verslag – Bemaking Bestuursdienste Komitee Dannie de Beer Voorsitter 2020**

Kleinfontein se bemakingskomitee het met inbegrip van die Covid beperkings gereelde maandelikse vergaderings gehou bygewoon deur sowat 6 vrywilligers uit die gemeenskap. Ons eie Bank KSK, het ook gereeld 'n verteenwoordiger gestuur.

Die bemakings strategie kan in 4 afsonderlike kategorieë ingedeel word nl:

##### Gedrukte media verspreiding.

Hieronder resorteer die kwartaallikse Nuus vir die Kleinfonteiner wat in harde formaat gedruk en versprei is en ook op die webwerf [www.Kleinfontein.net](http://www.Kleinfontein.net) geplaas is. Vir die eerste



keer in etlike jare is 'n amptelike inligtingstuk "Alles wat jy wil weet" met groot sukses uitgegee.

#### Radio advertensies

Ingevolge 'n ooreenkoms met Pretoria FM is daar ook 'n herhalende advertensie wat Kleinfontein as 'n veilige Afrikanertuiste bemark.

#### Sosiale en elektroniese Media

Verjonging van kleinfontein het 'n natuurlike swaai na sosiale en elektroniese media veroorsaak en drie Bakkiesblad ( facebook bladsye) bevorder tans die beeld van Kleinfontein as Afrikaner tuiste.

Die Bakkiesblad blaai "Kleinfontein se Afrikaners" bestuur deur Alet Erasmus en Medewerkers "Kleinfontein se vriende" en Kleinfontein bestuur deur die verkenners het saam sowat 9000 ondersteuners.

Twee webwerwe [www.Kleinfontein.net](http://www.Kleinfontein.net) en [www.vriendevanKleinfontein](http://www.vriendevanKleinfontein) dra ook by tot die bemarkingsstrategie.

#### Uitdagings

Uitdagings vir die bemarking van Kleinfontein sluit in 'n beperkte begroting, onsekere Beeld en 'n lae groeikoers. Terugvoer uit sosiale media dui op 'n groot aanvraag na geleentheid en ook behuising in Kleinfontein.

Suksesvolle bemarking van Kleinfontein is afhanklik van verantwoordelike ontwikkeling en die vestiging van 'n interne ekonomie. Voornemende kopers word ongelukkig afgeskrik deur onwaar gerugte van water en elektrisiteitstekorte en moratoriums op bouwerk.

'n Verdere bemarkingsuitdaging is die woonbuurt Dagbreek waar daar tans 'n moratorium op bouwerk is. Dit beteken dat die verskeie sink, hout en tydelike strukture die persepsie van 'n plakkerskamp skep. Dit op sy beurt lei tot baie navrae van haweloses wat nie kan bydrae tot die groei van Kleinfontien nie.

#### Inkomste uit bemarking.

Terwyl dit moeilik is om die inkomste uit bemarking in rand en sent te kwantifiseer is die rippel effek van suksesvolle bemarking baie wyd. Net een persoon wat 'n positiewe boodskap uit 'n mondelikse verwysing of op ons webblaai of sosiale media ervaar en homself op Kleinfontein vestig se potensiele inkomste is onbeperk. Daardie persoon kan 'n erf of aandeelbelang koop van KA - 'n kapitale Inkomste aan KA, daarna 'n maandelikse inkomste aan heffings. Dan bou daardie persoon 'n huis wat 'n 15man bouspan werk gee, elkeen van daardie bouers kan dan vir hulle gesinne sorg. Die nuwe intrekker en die bouers se kinders kan dan bydra tot die skool se skoolfonds. Die onderwysers ontvang dan 'n salaris en dra by tot die Kleinfontein interne ekonomie. En dan vertel die nuwe intrekker vir Ouma van die Sorgsentrum en weereens baat al die sorgsentrum personeel daarby.

Hierdie siklus hehaal homself vir elke persoon wie 'n positiewe bemarkingsboodskap ontvang.

Daarom nooi ek elke Kleinfonteiner uit om positief Kleinfontein te bemark, al is dit om die braaivleisvuur. Verantwoordelike ontwikkeling van Kleinfontein sal ons mooi Afrikanerdorp van krag tot krag laat gaan tot voordeel van die Afrikaner wie se voortbestaan daagliks in die weegskaal is.

Kleinfontein het gedurende die aanvang van die reënseisoen goeie reën ontvang wat ons bewarea areas asook ons wild in goeie kondisies laat. Geen addisionele voer is vir die winter maande nodig nie maar aanvullende lekkie en sout word wel uitgesit om die goeie kondisie van die wild te bevorder.

Bewarea se hoof doelwit vir 2021 is om die aangrensende 59 hektaar op die plato met wildsheining te omhein en sodoende ons bewaar area en wildsgetalle sodoende te vermeerder totdat die ontwikkelings planne vir daardie grond gefinaliseer is. Hiermee sal ons dan ook ons oop ruimtes vergroot wat maklike toegang aan tappers, drawwers en fietryers sal verleen om deur hulle benut te word. Bewarea se ander doelwitte vir die volgende jaar is steeds om die jagtershuisies in die wildpark op te gradeer mbv ontwikkelaars en die proses om 'n gebruiksooreenkoms met KA te beding is in proses.

Daar was verliese in wild en meestal agv die toestand van die Wesgrens waar wild uitgekom het. Die probleem is reggestel en die hele wes grens is nuut oor gespan. Die wild wat nou aangrensend loop word nog gedurig gewaar en daar word gereeld gepoog om die wild terug te kry.

Die oesprogram vir 2020 was uitdagend agv die Covid tydperk aangesien personeel van Natuurbewaring nie beskikbaar was vir die nodige inspeksie om ons permitte te hernu nie. Ons kon egter daarin slaag om na die Covid grendeltyd ons vrystellingspermit suksesvol te hernu en die jagseisoen kon in Augustus 2020 'n aanvang neem. 'n Bedrag van R47 700.00 kon dmv jag vir KA ingesamel word. Daar is ook 6 nuwe Springbok ooie dmv ruilhandel gevestig. Die wanverhouding van 6 sebra hingste teenoor 3 merries was ook reg gestel deur 5 van die hingste te laat verwyder. 3 was gejag en 2 was gepyl en gehervestig.

Die voer van wild bly steeds 'n groot probleem en daar word weereens 'n beroep op inwoners gedoen om glad nie wild te voer nie.

Indringerplante bly steeds 'n kommerwekkende probleem en 'n beroep word op inwoners gedoen om veral te help om swartwattels, pompoms, bankrotbos, bloekom, luisbos en sandoliene orals op Kleinfontein uit te roei. Pompoms bly veral 'n groot probleem op die hoewes as gevolg van gebrek aan fondse en gebrek aan mannekrag. In die wildpark was pompoms baie suksesvol beheer maar daar moet jaarliks met hulle uitroeiing volhard word om dit onder beheer te hou.

Om die verdigting van soetdorings te beheer en groei van nuwe gras te stimuleer moet die brandprogram na die eerste reëns afgehandel word en jaarliks volgehou word.

Die tuinvullis stortingsterrein bly steeds 'n probleem. Weer word daar beroep gedoen op alle inwoners om geen ander rommel behalwe tuinvullis daar te stort nie. Rommel in Kleinfontein bly ook 'n probleem en daar word versoek om asb nie papiere en bottels langs die pad in die veld te gooi nie. Maak asb gebruik van die vullisdromme wat voorsien is, daar is 3; (een by Wildparkhek, een by die dam en een by die 2 spoor pad wat na die telkoming lei).

'n Tendens van Inwoners wat hul erfpenne oorskry en bewarea ruimtes annekseer is besig om kop uit te steek. Dit is vir Bewarea rede tot kommer en doen hiermee n beroep op inwoners om streng binne hulle erfpenne te hou asook op die KA Direksie om teen oortreders in die verband op te tree.

#### **14.18. Kultuur Bestuursdienste Komitee – Andries Breytenbach Voorsitter 2020**

Die Kultuurdienstekomitee funksioneer met drie subkomitees, te wete:

Die Volkmuseumkomitee (voorheen bekend as Kleinfontein Museumkomitee): 'n Onafhanklike organisasie wat geregistreer is as 'n organisasie sonder winsbejag. Verantwoordelik vir die bou, instandhouding en bedryf van die Kultuursentrum (museumgebou) op Kleinfontein. Die hoofaktiwiteit gedurende die afgelope jaar was insameling van fondse en die aanwending daarvan vir die konstruksie van die sentrum. Vordering is daar vir elkeen om te sien. Die aanliggende terrein is ook aan die Kultuurdienstekomitee toegewys vir ontwikkeling van 'n kultuurpark. 'n Aanvang is met die ontwikkeling daarvan gemaak deur die gemeenskap van Kleinfontein by die plant van bome daarop te betrek.

Die Kultuurkomitee: Verantwoordelik vir die reël van volkskulturgeleenthede en gedenkdae, uitgesluit die jaarlikse Geloftefees, wat gereël word deur die Geloftefeekomitee. Weens die beperkings wat gestel is op openbare byeenkomste het herdenking van geleenthede soos;

Van Riebeeckdag, Republiekdag, Taaldag glad nie of op 'n beperkte skaal plaasgevind. Vir Krugerdag is 'n besoekspreker van buite in die persoon van dr. Hannes Noeth uitgenooi en 'n ou film oor pres. Kruger vertoon.

Die Geloftefeeskomitee: verantwoordelik vir die aanbieding van die jaarlikse Gelofteherdenking op 16 Desember. 2019-Geloftefees was betreklik goed bygewoon. Perderuiters en 'n vlaghsing het luister aan die geleentheid verleen.

**Algemeen.** Die Kultuurkomitee se markdagstalletjie is beëindig omdat die lede wat dit altyd bedryf het, deur ouderdom en gesondheidsprobleme genoodsaak was om uit te tree. Groot dank aan hulle vir die reusebydrae wat hulle deurgaans gelewer het.

#### **14.19. Maatskaplike Bestuursdienste Komitee - Ds AJ Bezuidenhout Voorsitter 2020**

Die jaar 2020 was om verskeie redes 'n besonderse jaar, dit was nie net die verskillende vlakke van die Covid 19 grendelstaat nie, maar ook die verskillende pogings om die werksaamhede van die komitee in te perk.

Opdrag

In die eerste plek werk die komitee onder opdrag van die Here wat in Galasiërs 6:2 vir ons sê: "Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus". Dan poog ons ook om uitvoering te gee aan die opdragte/ taakoms krywing van KA.

### Samestelling van die komitee

Die samewerking van die volgende persone is verkry:

Mev. I Groenewald (voors. Solidariteit Helpende Hand Kleifonteintak SHH),

Mev. D Steenberg ( CVO Akademie),

Maatskaplikewerksters van CMR,

Mev. C. De Bruin ( Gemeenskapswerker olv Vriende van Kleifontein),

Mev. R. Bornman en ook 'n hele aantal vrywilligers.

Die voorsitter soos aangestel deur KA was ds. Attie Bezuidenhout.

### Uitvoering

Reeds aan die begin van die jaar is 'n beplanning vir die eerste ses maande aan die direksie voorgelê.

Wag 'n Bietjie: groepwerk

Skool: SHH se tassie projek en aankoop van leerplan boeke.

Voedsel voorsiening.

Vriende van Kleifontein hulp met skoolgeld

Opleiding van huishoudsters met ondersteuning van SHH (R800.00)

Sorgsentrum: Voorsiening van drukkokers 1x20 liter en 1x10 liter (SHH R6928,75)

Verdere drukkokers ten bedrae van R3600.00

Tuisversorging: Vanaf Februarie tot November is oom F. Malan gehelp met tuisversorging. Vir 3 maande kon die versorging met die hulp van 'n donateur plaasvind, daarna moes dit deur vrywilligers (Mev. J. Labuschagne en Mev. A. Grobler) plaasvind. Aanvanklik is die volwasse doeke ook deur donateurs voorsien en later deur SHH (R3294,00).

### Covid 19

Die totale inperking het tot gevolg gehad dat die beplanning omvêr gegooi is. Die komitee het egter oorgeskakel na 'n hoër rat om voorsiening te maak vir kosvoorsiening.

Die voorsitter van die Maatskaplike Bestuursdienste Komitee is aanvanklik aangewys as die voorsitter van die Noodkos taakspan. Daar is begin met die organisering van 'n sokombuis by die saal. Onder leiding van Mev. I. Groenewald en Mev. C. De Bruin het 'n groot aantal vrywilligers aangemeld om daarmee te help.

Met die goedgeunstige samewerking van Mnr. L. Barrington is die Wildpark se koelkamer beskikbaar gestel vir die berging van groente, wat 'n baie groot uitkoms was.

Die AP Kerk het ook saamgewerk met die beskikbaarstelling van hulle kombuisgerie.

Die sokombuis was net goed op dreef toe word Mnr. W. Malan as "bestuurder" van die sokombuis deur Mnr. B. Kieser aangestel op die Noodkos taakspan, sonder om die voorsitter daarvoor te raadpleeg. Dit het aanleiding gegee dat die voorsitter van die komitee bedank het as voorsitter van die Noodkos taakspan. Dit het tot gevolg gehad dat die lede van die Maatskaplike Bestuursdienste Komitee almal gevra is om te onttrek. 'n Verdere nadeel was dat vir die Maatskaplike Bestuursdienste Komitee het dit vir baie meer as net kosvoorsiening gegaan, maar om die totale noodsituasie waarin die mense hulleself bevind het en hoe hulle daarin ondersteun kon word, het nie verdere aandag geniet nie.

### Herstrukturering

Die Item UK 78: Afbakening van die funksionele terrein van die Maatskaplike Dienste Komitee opgestel deur Mnr. B. Kieser gedateer 6 Julie 2020 het betrekking. Soos wat die ervaring hierdie hele jaar was, het Mnr. B. Kieser ook wat hierdie item betref geen vooraf

samesprekings met die voorsitter of die komitee gevoer nie. Tydens 'n konsultasie tussen Mnr. J. Groenewald, Mnr. B. Kieser en myself is ek gekonfronteer met die voldonge feit. Aanbeveling 1.2 is bygevoeg op my aandrang. Hierdie item bepaal die beleid slegs tov die werkers van Kleinfontein asook die tydelike werkers.

Uit hoofde van die gesag wat Mnr. B. Kieser homself toege-eien het het hy en Dr. J. Venter in gesprek getree met CMR se streeksbestuurder, Mev. D.M. Bosch. Dit was tydens hierdie gesprek dat myself en Mev. C. De Bruin se optrede, wat betref die winkel, verdag gemaak is. Voortvloeiend uit die gebeure is 'n mosie by die direksie ingedien, waar die voorsitter van die direksie my versoek het om in gesprek te tree met die bg persone. Uit my gesprek met Mnr. B. Kieser het dit geblyk dat ek nie inpas by sy strategie nie en daarom het hy my bloot geignoreer. Die hantering van die saak met CMR het die samewerking tussen die Maatskaplike Bestuursdienste Komitee en die CMR erg benadeel, tot nadeel van die gemeenskap van Kleinfontein.

#### Bejaardesorg

Ook hier is dieselfde prosedure gevolg wat hierbo beskrywe is. Tydens die aanbieding van KA se situasie aan Solidariteit moes ek verneem dat Bejaardesorg voortaan in die hande van die bestuurder van die Sorgsentrum, Dr. J. Venter, sal wees. Weereens was daar geen samesprekings gevoer nie, ten spyte van die feit dat Bejaardesorg een van die 4 pilare van SHH is, dat Mev C. de Bruin, deur SHH toegerus is om spesifieke programme met bejaardes te kan volg, asook dat die oorgrote meerderheid van die inwoners van Kleinfontein bejaardes is.

#### Samewerking met SHH

Dit was weereens heerlik om met SHH te kon saam werk. Die ondersteuning en bystand was groot.

#### Samewerking met Vriende van Kleinfontein

Sonder Vriende sou ons nie die mas kon opkom nie.

#### Bedankings

Ons dank die Here vir al Sy gawes wat Hy aan ons gegee het deur middel van donateurs, vrywillige werkers, Solidariteit Helpende Hand, Vriende van Kleinfontein, Mev C. De Bruin en Mev I. Groenewald wat onder baie moeilike omstandighede hulle take met blymoedigheid uitgevoer het.

#### Opmerking

Die samestelling van die komitee soos deur item UK78 vereis word, is nog nie gedoen nie, aangesien van die ander komitees nie op nog 'n komitee wil dien nie en direkte kommunikasie tussen voorsitters vinniger en beter is. Dan is daar ook nog die moontlikheid dat ek die taak as voorsitter sal bedank.

### **14.20. Sorgsentrum – Johan Venter**

#### **Agtergrond**

Die Kleinfontein Sorgsentrum het in die vorige boekjaar op 'n finansiële verlies gewerk. Dit het die Kleinfontein Direksie genoodsaak het om 'n Taakspan in die lewe te roep om die bedryf van die Sorgsentrum te bestuur.

Die Taakspan is saamgestel en het onder voorsitterskap van Prof. Connie Medlen gestaan. Sy het weens persoonlike redes as voorsitter uitgetree en is vervang deur Dr. Johan Venter.

### **Bespreking**

Die taakspan het die verslag soos opgestel en goedgekeur deur die Direksie as basis vertrekpunt gebruik om 'n besigheidsplan op te stel. In die opsig is die verskillende dienste funksies ontbondel en soos volg gegroepeer.

Administrasie – Verantwoordelik vir begroting en alle administratiewe funksies. Skoonmakers en kombuispersoneel resoteer ook onder Admin

Verpleegkunde – Alle mediese aspekte van bejaardesorg insluitend evaluering van bejaardes voor opname. Daar is dan ook eksterne programme ingestel na Covid – 19 soos bv, Godsdien, Inkleur, Passiewe oefeninge, tuinbou, mediese dokter op die perseel en “Kind to Hearing”.

Versorging – Met die uitbreiding van die Sorgsentrum se funksies om bejaardesorg in Wag 'n Bietjie in te sluit is 'n Oord Versorger aangestel. Sy oorsien alle eksterne versorging insluitend identifisering van maatskaplike nood.

Kombuis – Alhoewel die Kombuis onder die administrasie resoneer vorm hulle ook 'n departement op hulle eie aangesien die kombuis een van die hoof verhandelings van finansies is. In die opsig word voedsel voorraad deur die Sorgsentrum Administrasie aangekoop en deur die verkoop van ete-kaartjies beheer.

Geestelik – Die afdeling is die mees belangrike aspek wat die Sorgsentrum kan bestuur. In die opsig moet alle aandeelhouers besef dat die Sorgsentrum die laaste rusplek is voor die inwoners die ewige lewe ingaan. In die opsig moet daar baie streng klem opgelê word dat die geestelike voorbereiding primer staan teenoor enige ander funksie in die Sorgsentrum.

### **Finansieël**

Aangesien die Sorgsentrum in die verlede op 'n verlies gewerk het en dus deur die Aandeelhouers gesubsidieer moes word was dit van kardinale belang dat die Sorgsentrum op sy eie as 'n besigheids entiteit bestuur moes word en finansiël lewensvatbaar moet wees.

In die opsig is dit verblydend om te noem dat die Sorgsentrum op maand 7 tydens die jaarvergadering met 'n positiewe bedrag van R 75 986.00 bestuur word. Die Sorgsentrum is dan ook tans vol wat op 'n groter wins vir die 2021 boekjaar toon.

### **14.21. Tegniese Bestuursdienste Komitee – Louis Berrington Voorsitter 2020**

Gedurende 2020 is 'n taakspan aangestel om die werke departement te evalueer om sodoende moontlike gebreke en probleme te identifiseer. Die taakspan het 'n omvattende verslag aan die direksie voorgelê waarin oplossings en aanbevelings voorgestel is om die werke departement te verbeter. 'n Tegniese Dienste komitee is saamgestel waar Louis

Berrington as voorsitter van hierdie komitee aangestel is en lede uit die gemeenskap is genader om deel van hierdie komitee te word en alhoewel daar steeds leemtes in van die afdelings soos veral by pad instandhouding is funksioneer die komitee redelik goed. Daar word n beroep op die gemeenskap (veral op lede met n siviele agtergrond) gedoen om by die komitee betrokke te raak en behulpsaam te wees.

### **Voertuie en toerusting**

Gedurende 2020 is daar baie aandag gegee om die voertuie en toerusting binne ons vermoë op te gradeer en in stand te hou. Ons het n addisionele bakkie aangekoop wat n waardevolle bydrae tot ons produktiwiteit bygedra het. Twee van die bestaande, meestal onbetroubare, bakkies se motors is oorgedoen en is tans in n goeie werkende toestand. Die trekker se motor is ook oorgedoen en tans in goeie kondisie. ons is tans ook besig om die uitgraver in n werkende toestand te kry waar dit veral aangewend gaan word om die nuwe massa sypelsloot te grawe.

### **Personeel**

Die huidige werkerskorps is tans stabiel met min wisseling of bedankings van personeel lede. Personeel word ook waar moontlik in kleiner spanne volgens n organogram (soos in die verslag aanbeveel) aangewend om meer produktief te funksioneer. 'n Operasionele bestuurderspos om hierdie kleiner spanne te bestuur is geskep om sodoende die werke bestuurder van tegniese dienste meer tyd te gee om beplanning, projek kostes en kwaliteits beheer te kan uitoefen.

### **Paaie**

Die instandhouding van Kleinfontein se paaie bly n uitdaging en veral die gebruik van die regte padgruis was nog altyd problematies. Daar is egter nou n ooreenkoms in plek met ons buurman, Kobus Botha om die regte gruis vanaf die aangrensende plaas af uit te haal en aan te ry. Tot op datum is al 45 vragte van die grond aangery en waar dit aangewend is, is daar reeds n aansienlike verbetering. Die opgradering van die wildpark hek en verbetering van Essenhout laan is voorbeelde hiervan. Die fontein in Wildparkweg waar water deurlopend teen die pad afgeloop het, is vir die eerste keer van Kleinfontein se bestaan suksesvol droog gelê. Nuwe vloedwater hobbels is op verskeie plekke aangebring om met die beheer van stormwater te help. Paaie waar vloedwater ook ernstige probleme veroorsaak soos in Visvanger laan geniet ook aandag om sodoende stormwater probleme aan te spreek.

Die opgradering en lê van plaveisel by die nuwe wildpark poort is ook suksesvol afgehandel wat die estetika van die wildpark hek aansienlik verbeter het. Gedurende 2020 is baie pad relevante onderhoudswerk gedoen om die paaie rybaar te maak.

Die lê van 100m plaveisel in Kleinfonteinweg, asook die opgradering van Wildpark -en Pioniersweg (waar daar met gruis opgevol moet word, saam met deeglike stormwater beplanning) is van die pad projekte wat in die volgende boekjaar aangespreek sal word.

### **Water**

Instandhouding van die waternetwerk en onderhoud op die fontein en boorgatpompe word deurgaans gedoen om te verseker dat almal toegang tot water het. Die boor van n nuwe boorgat in die wildpark saam net die oprig van n bykomende 116 000 liter opgaardam om veral aan die hoewes se waterbehoefte te voorsien is gedoen. Die installering van n

elektroniese watermonitering stelsel is in proses. Hierdie stelsel gaan ons in staat stel om ons waterverbruik en damvlakke akkuraat te monitor. Dit sal ons in staat stel om vroegtydig op te tree om te verseker dat damme nie leegloop nie en kan dus water tekorte verhoed. Hierdie stelsel sal ook waterverliese waarneem en waarskuwings stuur om sodoende proaktiewe reaksie moontlik te maak om onnodige waterverliese te verhoed.

### **Elektries**

Netwerk beplanning vir die optimale benutting van die 200 en 500Kva krag toevoere is tans in proses aangesien die 200 Kva toevoer tans onder benut word en dat die 500Kva toevoer nie oorskry word nie. 'n Ondersoek na die oprigting van 'n sonplaas asook die implementering van 'n Ksiko stelsel, waar individue self kan krag opwek en aan KA beskikbaar stel vir herverbruik, is in proses. Instandhouding en onderhoud van die kragnetwerk word deurgaans gedoen om te verseker dat almal toegang tot elektrisiteit het.

### **Omheining**

Gedurende 2020 is daar ongeveer 500m se nuwe wildsheining by die hoewes se wesgrens op gerig. Die wesgrens van die nedersetting is ook opgegradeer en verbeter. Ongeveer 'n afstand van 400m se wildsheining is hier met nuwe materiaal vervang. Opgradering van die oosgrens by die wildspark is ook in proses en 'n afstand van 140m is nuut oorgedoen. Heining word egter op 'n gereelde basis geïnspekteer en word onderhou soos en wanneer nodig.

### **Algemeen en terrein**

Tegniese dienste is deurgaans betrokke by die instandhouding van die terrein en onderhoud op oop ruimtes. Tegniese dienste is ook verantwoordelik vir onderhoud op KA se geboue en infrastruktuur wat die sorgsentrum, poorte, saal, begraafplaas, werkersbehuising, pompkamers, opgaar damme en die fontein insluit.

## **14.22. Veiligheid Bestuursdienste Komitee – Paul McMenamin Voorsitter 2020**

Die afgelope jaar het talle uitdagings gebied in verskeie fasette waaronder daaglikse gebeure sowel as die huidige Grendelstaat wat al sedert Maart 2020 in werking is en die aanbou van 'n derde Toegangspoort in die vorm van die Wildsparkpoort. (Beheerkamer)

Afgesien van die verskillende vlakke van die Grendelstaat was sekuriteit een van die dienste wat volgens wetgewing hul bedrywighede mag voortgesit het en het hul onverpoosd hul deel gedoen. Dit het gestrek van die bemanning van die Krisissentrum en die verspreiding van noodsaaklike pakkies en voedselaflewering tot Toegangsbeheer en die versekering dat daar waar moontlik binne die reëls van die grendelstaat gehou word. Lede van die gemeenskap het ook ruim hul deel bygedra om die las te verlig deur bystand te verleen met nagtelike patrollies om sodoende te help om Kleinfontein 'n veiliger plek vir almal te maak want afgesien van die grendelstaat is kriminele bedrywighede steeds voortgesit deur ongewenste elemente van veral buite Kleinfontein grondgebied.

Die lang verwagte Wildsparkpoort is ook in werking en hoewel gestelde doelwitte nie betyds gehaal kon word agv die inperking is vordering tog gemaak. Die bestaande kameras op Kleinfontein grondgebied word reeds gemonitor vanuit die nuwe beheerkamer en nuwe kameras word voortdurend bygevoeg op kwesbare punte. Kameras wat op die Suidgrens van



die Wildspark aangebring is gee terselfertyd dekking aan die Noordgrens van die Kleinhoewes. Verdere ontwikkeling van die kamera-netwerk is in proses. Huidiglik dien die Wildsparkpoort slegs as toegangspunt vir inwoners. Geen aflewings of besoekers word deur hierdie punt hanteer totdat die beheerpunt ten volle ontwikkel is nie. Toegang deur hierdie Beheerpunt geskied vanaf 06h00 tot 23h00 waarna die hek gesluit word.

’n Beroep word op een en almal gedoen om hul samewerking te gee ten einde effektiewe sekuriteit te bevorder, veral in die komende feesseisoen.

#### **14.23. Werkers Bestuursdienste Komitee – Frik Oberholster Voorsitter 2020**

Die WBK is belas met die bestuur en beheer van geleentheidswerkers op Kleinfontein asook die bestuur en beheer van werkersbehuising in Dagbreek, Noord-Oos hoewes en Tandem en die algemene bestuur van die drie woongebiede.

#### **BESPREKING**

Die Komitee se opdrag en take soos uitgespel word in die Administratiewe en Finansiële Handleiding word hierna kortliks bespreek.

##### **1. Werkersbehuising**

In die drie genoemde woongebiede bestaan huisvesting uit drie kategorieë nl.

- 1.1 Steengeboue wat netjies en deeglik gebou is danksy die investering van individue.
- 1.2 Ou bestaande geboue wat onderhoud en instandhouding verg.
- 1.3 Tydelike strukture bestaande uit houthuisies en ou woonwaens.

Die tydelike strukture is in sommige gevalle haglik en word dit by ontruiming gesloop. Daar is ’n wesenlike behoefte aan goeie basiese behuising veral vir werkers wat graag ’n eie plek wil besit met die oog op oudag. KA het nie ’n behuisingsbeleid gekoppel aan ’n werknemer se pos nie en word daar tans deur die WBK indringend gekyk na ’n werkbare beleid wat ook vir beide KA en die werker koste-effektief moet wees.

##### **2. Werkers**

Die volgende onderwerpe kry deurlopend aandag:

###### **2.1 Keuring**

’n Nuwe stelsel is ontwikkel en behels oa. die doen van dwelmtoetse, nagaan van polisierekords, begrip van en identifisering met Kleinfontein se missie, ens.

Daar is tans ’n moratorium op toelating tot Kleinfontein en word voorkeur gegee aan persone wat buite Kleinfontein woon en net hier wil werk. Dit dien gemeld te word dat mense steeds die reëls verontagsaam en sonder die nodige prosesse inkom. Daar word ’n ernstige beroep op aandeelhouders en alle werkgewers gedoen om toe te sien dat hulle slegs mense in diens neem

wat gekeur is. Die WBK se standpunt is dat Kleinfontein nie 'n toevlugsoord vir haweloses is nie. Enige persoon sal aan streng vereistes vir verblyfreg op Kleinfontein moet voldoen.

2.2 Alle werkers moet in besit van 'n geldige werkerskaart wees en 'n wit boekie wat deur werkgewers en werknemers bygehou moet word. Daarsonder is daar geen kontrole oor werkers nie, en moet die boekies maandeliks by die kantoor ingehandig word vir kontrole.

2.3 Gedragkodes en Reëls

Bogenoemde reëls vir die drie woongebiede is in plek maar werkers wat direk by werkgewers huur bly 'n kopseer. Die WBK werk aan 'n oorkoepelende stel reëls wat vir alle werkers sal geld.

2.4 Wet en orde

Die oorgrote meerderheid van werkers gehoorsaam die Gedragkode en Reëls. Daar is egter diegene wat hulle herhaaldelik skuldig maak aan drank- en dwelmmisbruik en wangedrag. Teen diegene word ferm opgetree en is etlike persone alreeds dissiplinêr verhoor waarna diesulkes Kleinfontein vrywillig verlaat het. Solank die COVID inperkings geld kan uitsettings nog nie gedoen word sonder 'n hofbevel nie. Alle insidente word geboekstaaf en aangespreek waar moontlik.

2.5 Uitstaande heffings

Die bedrag van agterstalligheid het onaanvaarbare afmetings aangeneem. Die WBK het 'n voorlegging aan Bestuur gemaak dat voorafbetaal meters in alle KA eiendomme in Dagbreek aangebring word. Sodoende sal hulle ten minste wat elektrisiteit aanbetref, nie op iemand anders se rug ry nie. Die Komitee het ook reeds met diegene wat agterstallig is in gesprek getree en ondernemings vir afbetaling gekry.

2.6 Huurkontrakte met diegene wat in KA eiendom woon, is hersien en opgedateer.

2.7 Inspeksies

Gereelde inspeksies word in die drie woongebiede gedoen en kwessies soos rommel, instandhouding van huise en herstelwerk word aangespreek. Vandalisme van die ablusieblok in Dagbreek bly 'n probleem.

2.8 Maatskaplik

Daar is maatskaplike probleme oor die hele spektrum van Kleinfontein se inwoners, daarom word maatskaplike gevalle in samewerking met die Voorsitter van die

aatskaplike Komitee, Ds. Attie Bezuidenhout en die Maatskaplike werker, Mev.

Zandberg van die CMR hanteer. Daar is deurlopend skakeling met die CMR en kan enige geval by die WBK aangemeld word, geen sensitiewe inligting is nodig nie, slegs die wie en waar. Vertroulikheid word onderneem.

#### 2.9 Samewerking

Daar is tans goeie samewerking tussen die WBK en ander komitees en individue soos Ingenieursdienste, Sekuriteit, die Veiligheidskomitee, Mnr. Dannie de Beer, die Maatskaplike Komitee, Dr.Johan Venter van die Sorgsentrum e.a.

#### 2.10 Verslae

Vorderingsverslae word maandeliks aan die Algemene Bestuurder voorgelê.

#### 2.11 Ongewenste persone

’n Naamlys en fotos van diegene wat nie op Kleinfontein mag wees nie word deur

Sekuriteit bygehou. Daar word ’n ernstige beroep op inwoners gedoen om nie diesulkes in diens te neem nie, onthou dit kan vir u ook implikasies inhou. Versuim om sodanige persone aan te meld is ’n oortreding van Kleinfontein se Interne Reëls. Werkgewers kan die status van werksaansoekers by die WBK kontroleer.

#### 2.12 Administrasie

Die Paul Kruger lokaal in die Sentrum word deur die WBK gebruik en enige inwoner is welkom om aangeleenthede met betrekking tot werkers te kom bespreek. Die kantoor is op Maandae 09:00 tot 15:00 oop, maar komitee lede sal ook per afspraak, waar moontlik, op ander weksdae beskikbaar wees.

#### 2.13 Finansies

Alle uitgawes van die WBK geskied aan die hand van ’n begroting wat jaarliks by die Algemene Bestuurder ingedien moet word.

### **14.32. Heemraad – Ben Prins Voorsitter 2020**

Lede: Mnr Ben Prins (Voorsitter); Mnr Gys Reichert (Onder voorsitter); Mev Elizabeth Malan (Sekretaresse), Mnr Theuns de Wet; Andries Smit

Lede wat bedank het: Mnr Blackie Swart; Ds Attie Bezuidenhout

Nominasies: Johan Kunneke; Mev Dorothea Steenberg

Genomineerdes voldoen aan die vereistes vir Heemraadslede.

Die Heemraad versoek goedkeuring deur die AJV . Besware moet asseblief skriftelik by KA ingedien word.

Geskille deur Heemraad die afgelope jaar gehandteer = 8 waarvan

5 Suksesvol en 3 Onsuksesvol was

Vergaderings gehou die afgelope jaar=6

Hersiene weergawe van die Heemraad se Grondwet (Sept 2020) is by KA kantore beskikbaar

**Die volgende besluite word vir goedkeuring voorgelê:**

**Dat die Verslag van werksaamhede goedgekeur word;**

- **Dat die Interne Reëls en Missie bekragtig word;**
- **Dat klousule 4 van die AvO, Hoofbesigheid, Doelstellings en Aanvullende Doelstellings, soos hieronder aangehaal, bekragtig word;**

**Klousule 4. HOOFBESIGHEID EN DOELSTELLINGS**

4.1 Die hoofbesigheid van KA (Edms) Bpk is om 'n aandeelblokskema in gevolg die WAB regtens te bedryf ten opsigte van die onroerende eiendom, wat KA (Edms) Bpk se eiendom is, tesame met alle geboue en oprigtings daarop of daaraan vir solank as wat dit KA (Edms) Bpk se eiendom is en enige ander eiendomme wat KA (Edms) Bpk in die toekoms mag bekom of huur. Verder om die hoofdoelstelling in alle opsigte te bevorder.

4.2 Die hoofdoelstelling van KA (Edms) Bpk is om 'n aandeelblokskema te bedryf vir die vestiging en ontwikkeling van 'n selfstandige Boere-Afrikaner-Kultuurgemeenskap op die onroerende eiendom, wat KA (Edms) Bpk se eiendom is, tesame met alle geboue en oprigtings daarop vir solank as wat dit KA (Edms) Bpk se eiendom is, en enige ander eiendomme wat KA (Edms) Bpk in die toekoms mag bekom of huur. Verder om die gemeenskaplike en groepsbelang, sowel as individuele belang van die aandeelhouders te bevorder.

4.3 Aanvullende doelstelling tot die hoofdoelstelling:

4.3.1 Om ekonomiese en ander ontwikkeling op die eiendom en ander eiendom wat KA (Edms) Bpk mag bekom, te bevorder en te beheer.

4.3.2 Om dienste aan die lede te verskaf in die bedryf van KA (Edms) Bpk en om heffings van die lede te vorder vir sodanige dienste ten einde KA (Edms) Bpk se kostes te dek.

4.3.3 Om persele beskikbaar te stel aan lede ten einde geriewe daar te stel soos wat nodig geag mag word ter bevordering van die doelstellings van KA (Edms) Bpk en sy lede, onder sodanige voorwaardes soos wat die Direksie mag besluit.

4.3.4 Om lenings aan te gaan en die eiendom van KA (Edms) Bpk te verbind in belang van die lede en ten uitvoering van die doelstellings van KA (Edms) Bpk.

4.3.5 Om lenings, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat goed geag mag word en vir sover KA (Edms) Bpk regtens daartoe geoorloof is, aan lede te maak vir die ontwikkeling van hulle belange in KA (Edms) Bpk.

4.3.6 Om as agente vir lede en as bemiddelaar vir die versekering van hulle belange op te tree.